

KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG

ANTJIE SE PAD (5 DAE)

10-15 APRIL 2025

'n Onvermydelike deel van ons klub se voorbereidings vir 'n oorslaap-staptoer is onder andere om vervoerreëlins vir almal te tref, en dit hang af van die samestelling van die groep, die voertuie wat hulle besit en wie bereid is om hulle voertuie beskikbaar te maak. Met hierdie staptoer het dit goed uitgewerk, want vier van die groep het van Stilbaai en Riversdal se rigting gekom, drie was in George, vier in Oudtshoorn, en een het by die Oudtshoorn-groep aangesluit. So het ons die Donderdagmiddag van 10 April 2025 uit al die windrigtings vertrek, by die Krymekaar padstalletjie bymekaargekom en van daar af saam deur die Langkloof na ons bestemming gereis. By Joubertina het ons by die gewilde padstal vertoef, waar ons iets gedrink en geëet het voordat ons verder gereis het. Ongeveer 15 km anderkant Kareedouw het ons noordwaarts by die Onverwagslaagte-bord afgedraai om die sowat 30 km slegte grondpad tot by Witteklip, die beginpunt, aan te durf. Vir Wessel en Yvonne se bakkies met die groot bande was dit nie 'n probleem nie, maar met my Cressida en sleepwaentjie was die grondpad nogal 'n uitdaging wat my bestuursvermoë getoets het – gelukkig het alles goed afgeloop. *Dit is definitief nie 'n pad vir 'n sedan-voertuig met 'n lae vryruimte of met laeprofielbande nie!*

Nog 'n aspek van 'n slappakstap ("slackpacking hike") is die reëlins om almal se yskasgoed en gevriesde goed te akkommodeer. Ons was beperk tot twee koelhouers vir elk van die twee afleweringsgeleenthede by die onderskeie hutte waar ons twee aande by elk sou oorbly: Waterval en Slagkamer. Gelukkig het almal mooi saamgewerk om net genoeg koue goed saam te neem om nie ons perke te oorskry nie.

Herman Stoffberg, die roetebestuurder, het ons vriendelik by Witteklip ontvang en meer inligting oor die roete, elke dag se stap en die slappakreëlins gegee. Daarna het ons nes gekrop en, natuurlik en getrou aan tradisie, laatmiddag die vuur aangesteek en gebraai. Nadat ons heerlijk gekuier, gesels, grappe gemaak en baie gelag het, het almal hulle voorbereidings vir die volgende dag getref, hulle lêplekke gekry en ingekruip.



Vlnr: Belinda Peyrot, Annelies Fourie, Nicky Roux, AJ vd Berg, Lianda Oosthuizen, Yvonne vd Berg, Dawn Trevelyan, Mari Swart, Elizna Briedenhann, Wessel Steyl, Colin Young, Herman Stoffberg (roetebestuurder). Foto: Danie Steyl

Dag 1 – Witteklip na Waterval: Die 16 km vanaf Witteklip oor Blouberg en via Trekkloof bied pragtige uitsigte oor die omliggende berge. Langs die tweespoorpad wat berg-op en berg-af oor die berglandskap loop is ook pragtige proteas en ander blomme. Ná die eerste sowat 9 km het die Teestasie met sy waterdrom en afdakkie 'n welkome verposing teen die son gebied en het ons middagete daar genuttig voordat ons verder teen Trekkloof af is. Die Waterval-hut met sy unieke voorkoms teen die rotswand en die waterval met die swemgat daar naby is iets besonder. Ná die warm dag se stap het ons ook nie op ons laat wag nie en het ons in die heerlike koue waterpoel afgekoel.



Blouberg (links) en die Hanekam (Cockscomb) in die verte (regs)



Waterval-hut en die swemgat langs die hut

Dag 2 – Sirkelroete terug na Waterval-hut: Ons het elke oggend 08:00 begin stap. Die 11,6 km van hierdie dag loop via Trekkloof, met die nimmereindigende Swart se Pas langs en oor die berge van die noordelike gedeelte van die roete, vanwaar 'n mens weereens 'n pragtige uitsig oor die berge van die Baviaanskloof het.

Uiteraard het ons elke dag van die stap gereeld gestop om lekker te rus en verversings te geniet, en dit spreek vanself dat ons altyd lekker gesels en grappe gedeel het.



Swart se pas en die pad met mooi uitsigte oor die berge

Dag 3 – Vanaf Waterval na Slagkamer: Hierdie dag se 10,8 km het begin met 'n lang klim teen Steilpad Kwadraat uit en daarna weswaarts oor die berge, dan weer af tot by Teestasie,

waar ons weereens lekker ontspan het voordat ons verder verby Skinny Dip Pool en in die kloof af tot by Slagkamer gestap het. Hierdie was 'n koeler, bewolkte dag, en niemand was regtig lus om by Skinny Dip Pool ('n gronddam) af te koel nie.



Dag 3 se berge en Skinny Dip Pool

Dag 4 – Sirkelroete terug na Slagkamer: Op hierdie dag se 11,8 km loop die roete weereens ver op tot by 'n punt waar ons die keuse gehad het om 'n ekstra 9 km (heen en terug) tot by 'n uitkykpunt bokant die Kougarivier te stap, maar ons het dit nie gedoen nie. Vandaar is ons verder tot by nog 'n afdakkie met 'n drom water. Ek, Colin en Belinda het daar 'n afdraaipaadjie verken, en ek en Colin het dowwe blou verfkolle op die klippe gevolg om 'n mooi Boesmangrot (sonder tekeninge) nie ver daarvandaan nie langs 'n waterval te besoek. Toe is ons verder berg-op tot by Agterberg, die hoogste punt op Antjie se Pad, waar ons 'n ruk vertoef het om die pragtige 360°-uitsig oor die berge te geniet. Later is ons verder oor die berge en weer in 'n kloof af tot by Teestasie, waar ons weer lekker ontspan het voordat ons die laaste stuk terug na Slagkamer gestap het.



Die afdak en watertenkie naby Boesmangrot, en die grot



Op die hoogste punt met 'n 360°-uitsig, en die Slagkamer-hut

Dag 5 – Vanaf Slagkamer na Witteklip: Hoewel hierdie dag se 10,7 km begin met 'n ent berg-op, was dit die maklikste dag op die roete met die pad wat meestal afdraande of gelyk tot by Witteklip loop. Soos die meeste ander dae het ons lekker weer en sonskyn gehad. Omtrent 'n derde van die eindpunt af het ons verby 'n skilderagtige klofie met 'n waterval gestap. Ons het die aand weer by Witteklip gebraai, daar oorgebly en die volgende oggend terug huis toe vertrek.



Mooi klofie met waterval, en Witteklip regs op die foto

Hierdie stap het pragtige uitsigte oor die omliggende berge en pragtige proteas en ander blomme. Ons het hier en daar bokke teen die rante gesien.

Die grootste gedeelte van hierdie roete loop op tweespoorpaaie wat dikwels redelik steil op en af oor die berge loop. Los klippe op die paaie bemoeilik dikwels die stap en 'n mens moet versigtig wees om nie te gly of 'n voet te swik nie. Die mooi omgewing vergoed egter daarvoor, en die feit dat 'n mens meer as genoeg tyd het om elke dag se afstand te voltooi, help om dit rustig genoeg te vat om veilig te bly.

Weereens – soos altyd op ons klub se staptoere – was die groep en die lekker kuier onverbeterlik, en dit het daartoe bygedra dat ons verfris en met gesuiwerde gemoedere terug huis toe gekeer het.

Tot volgende keer!

Danie Steyl